

Sondag 9 Januarie

Skrifgedeelte: 2 Petrus 1:12-21

Fokusgedeelte: 2 Petrus 1:21; NGB Artikel 3

God se Woord in mensewoorde

Toe Petrus sy brief geskryf het, het hy geweet sy einde is naby, want die Here het dit aan hom bekendgemaak (vs 14). Sy enigste nalatenskap aan die kerk was die boodskap wat hy as apostel verkondig het, die evangelie van Christus (vs 11-12).

Sy boodskap was die waarheid, want dit is nie deur mense uitgedink nie. Dit wat mense as waarheid verkondig, klink dalk baie mooi, is kunstig saamgestel en berus op vindingryke idees (vs 16) – soos baie van die wysede wat in ons tyd in die wêreld versprei word. Sulke wysede is egter blote fabels, leuenagtige gedagte-spinsels van mense.

In teenstelling hiermee is die boodskap wat die apostels verkondig, die waarheid. Dit kom immers van God af; dit is sy woord. Hoe kan Petrus so sê? Om drie redes: Eerstens was hy en die ander apostels self oog- en oorgetuies van die Here Jesus op aarde, ook van sy verheerliking (vs 16b-18). Tweedens het die apostels die profetiese woord ontvang (vs 19), wat beteken dat hulle saam met die profete van die Ou Testament deur die Here gestuur is om te sê: “So sê die Here.” Derdens was hulle woorde deur die Heilige Gees geïnspireer. Die Here het hulle gees deur sy Gees gedrywe om te sê wat Hy sê (vs 11).

Daarom bely ons in die NGB dat “die Woord van God nie deur die wil van ’n mens gestuur of voortgebring is nie, maar die heilige mense het, deur die Heilige Gees gedrywe, dit van God gespreek, soos die heilige Petrus sê”.

Dié woorde staan baie vas, en ons moet op ons lewenspad daarop fokus soos op ’n lamp wat in die donker skyn (vs 19). Dit lei ons harte na Jesus Christus, die blink môrester wat die dag van ons heerlijkheid by God aankondig.

Sing: Psalm 119-1:39

Prof. GJC Jordaan (Gert) (emeritus)